HOOFSTUK 2: SIMBOLE VAN DIE VOORTREKKERS

1. INLEIDING

Die Voortrekkerwapen, Voortrekkervlag en leuse “Hou Koers” word reeds sedert stigting van Die Voortrekkers in 1931 gebruik en die logo sedert 2005.

2. VOORTREKKERWAPEN

2.1 Ontwerp van die wapen

Die ontwerp van die Voortrekkerwapen is soos volg:

a) Die *wiel* is die voorwiel van ‘n kakebeenwa met tien speke.
b) Die *fakkel* word aan die wiel vasgemaak met twee blou linte.
c) Die blou *lint* onder die wapen is geplooi en die leuse “HOU KOERS” word daarop in hoofletters geskrywe.

2.2 Kleure van die wapen

Die wapen bestaan uit vyf kleure:

a) die vlam van die fakkel is rooi - no185
b) die fakkel en die woorde van die leuse is wit – 100% Pantone wit
c) die linte is koningsblou – no 072c
d) die wiel is grys - no 9c
e) die agtergrond van die wiel en omraming van die wapen is swart – 100% Pantone swart

2.3 Vergroting of verkleining

Enige vergroting of verkleining van die wapen geskied in verhouding tot die afmetings soos in die afbeelding in artikel 2.1 van hierdie hoofstuk.

2.4 Lyndiagram

Die wapen kan alternatiewelik as 'n eenkleurige lyndiagram gedruk word.

2.5 Vervorming

Wanneer 'n voorstelling van die wapen gemaak word en al drie elemente van die wapen teenwoordig is, naamlik wiel, fakkel en leuse, mag die wapen nie vervorm word nie. 'n Enkele element van die wapen of enige twee elemente van die wapen mag egter op alternatiewe maniere, as die amptelike, voorgestel word.

3. LOGO

3.1 Omskrywing van logo

Die logo van Die Voortrekkers word geskryf in “Matura MF Script Capitals” en kan van die webblad van Die Voortrekkers afgelaai word en vertoon soos volg:

Die Voortrekkers

Die grootte en kleur van die letters word so gebruik om by die dokument te pas waarmee dit saam gebruik word.

3.2 Gebruik van logo

3.2.1 Die logo word gebruik op alle items, opskrifte, briefhoofde, pamflette ensomeer waarmee *Die Voortrekkers* bemark kan word.

3.2.2 Die logo word nie in gewone geskrewe dokumente gebruik nie.

4. VLAG VIR DIE VOORTREKKERS

4.1 Voorstelling van die vlag

4.1.1 Die Voortrekkers gebruik die vlag van die vroeëre Republiek Natalia.
Die vlag lyk soos volg:

Skets volg

4.2 Die grootte van die vlag is:

a) Stormvlag: Lengte – 90 cm en breedte – 60 cm
b) Standaard vlag: Lengte – 180 cm en breedte – 120 cm
c) Seremoniële vlag: Lengte – 270 cm en breedte – 180 cm

4.3 Kleure van die vlag

Die kleure van die vlag is:

a) Boonste driehoek: Rooi - no185
b) Middelste driehoek: Wit – 100% Pantone wit
c) Onderste driehoek: Blou - no 072c

5. GEBIEDSWAPENS

Elke gebied gebruik ‘n gebiedswapen wat deur hoofbestuur goedgekeur is.

5.1 Kaapland

5.2 Namibië

5.3 Transvaal

5.4 Vrystaat

6. GEBIEDSVLAE

Elke gebied gebruik ‘n gebiedsvlag wat deur hoofbestuur goedgekeur is.

6.1 Kaapland

6.2 Namibië

6.3 Transvaal

6.4 Vrystaat